MENIKO

DIE PROVINSIE TRANSVAAL

# Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

# Official Gazette

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CLXIV.] PRYS 6d. PRETORIA, 12 MAART / 12 MARCH 1958. PRICE 6d. [No. 2691.

## INHOUD.

No. BLADSY

**Proklamasies.**

73. Stigting van die Dorp Sunningdale Uitbreiding No. 2 525
74. Insluiting van die Hoërskool Wolmaransstad in Kategorie (A) van die Eerste Bylae van die Onderwysordonnansie, 1953 ... 531
75. Verandering van Grense van die Dorp Claremont, Distrik Pretoria ... 531

**Administrateurskennisgewings.**

143. Munisipaliteit Vereeniging: Opheffing van Vrystelling van Bepalings van Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, ten opsigte van Sekere Gebiede 533
147. Gesondheidskomitees van Leeuwdoornsstad, Orkney en Stilfontein: Watervoorsieningsregulasies (*Buitengewone Offisiële Koerant* No. 2689).
186. Munisipaliteit Vereeniging: Honde- en Hondebelastingverordeninge ... 534
187. Vermindering van Uitspanserwituut: Wolmaransstad Dorp- en Dorpsgronde No. H.O. 184, Distrik Wolmaransstad ... 538
188. Padreëlings op die Plaas Rietvlei No. 5, Distrik Marico ... 538
189. Padreëlings op die Plaas Boschfontein No. 607, Distrik Rustenburg ... 539
190. Padreëlings op die Plaas Balmoral No. 30, Distrik Amersfoort ... 539

**Algemene Kennisgewings.**

34. Voorgestelde Stigting van die Nywerheidsdorp Village Main Uitbreiding No. 2 ... 539
35. Voorgestelde Stigting van die Dorp Hyde Park Uitbreiding No. 22 ... 540
36. Louis Trichardt Dorpsaanlegskema No. 1/4 ... 541
37. Voorgestelde Wysiging van die Titelvoorwaardes van Erwe Nos. 70 en 71, Dorp Parktown ... 541
38. Voorgestelde Stigting van die Dorp Fairmount Uitbreiding No. 2 ... 542
39. Voorgestelde Stigting van die Dorp Victory Park Uitbreiding No. 11 ... 542
40. Randfontein Dorpsaanlegskema No. 1/6 ... 543
41. Randfontein Dorpsaanlegskema No. 2/1 ... 543
42. Voorgestelde Stigting van die Dorp Rietfon ... 543
43. Voorgestelde Wysiging van die Titelvoorwaardes van Erwe Nos. 835 en 836, Dorp Ermelo Uitbreiding No. 2 ... 544
44. Voorgestelde Stigting van die Nywerheidsdorp Redan 544
45. Voorgestelde Stigting van die Dorp Lakefield Uitbreiding No. 7 ... 545
46. Voorgestelde Stigting van die Dorp Hyde Park Uitbreiding No. 23 ... 545

Tenders ... 546

Aansoeke om Motorvervoersertifikate ... 552

Skutverkope ... 558

Plaaslike Bestuurskennisgewing ... 558

## CONTENTS.

No. PAGE

**Proclamations.**

73. Establishment of Sunningdale Extension No. 2 Township ... 525
74. Inclusion of the High School Wolmaransstad in Category (A) of the First Schedule of the Education Ordinance, 1953 ... 531
75. Alteration of Boundaries of Claremont Township, District of Pretoria ... 531

**Administrator's Notices.**

143. Municipality of Vereeniging: Withdrawal of Exemption from Provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933: Certain Areas ... 533
147. Leeuwdoornsstad, Orkney and Stilfontein Health Committees: Water Supply Regulations (*Official Gazette Extraordinary* No. 2689).
186. Municipality of Vereeniging: Dog and Dog Tax By-laws ... 534
187. Reduction of Outspan Servitude: Wolmaransstad Town and Townlands No. H.O. 184, District of Wolmaransstad ... 538
188. Road Adjustments on the farm Rietvlei No. 5, District of Marico ... 538
189. Road Adjustments on the Farm Boschfontein No. 607, District of Rustenburg ... 539
190. Road Adjustments on the Farm Balmoral No. 30, District of Amersfoort ... 539

**General Notices.**

34. Proposed Establishment of Village Main Extension No. 2 (Industrial) Township ... 539
35. Proposed Establishment of Hyde Park Extension No. 22 Township ... 540
36. Louis Trichardt Town-planning Scheme No. 1/4 ... 541
37. Proposed Amendment of the Conditions of Title of Lots Nos. 70 and 71, Parktown Township ... 541
38. Proposed Establishment of Fairmount Extension No. 2 Township ... 542
39. Proposed Establishment of Victory Park Extension No. 11 Township ... 542
40. Randfontein Town-planning Scheme No. 1/6 ... 543
41. Randfontein Town-planning Scheme No. 2/1 ... 543
42. Proposed Establishment of Rietfon Township ... 543
43. Proposed Amendment of the Conditions of Title of Erven Nos. 835 and 836, Ermelo Extension No. 2 Township ... 544
44. Proposed Establishment of Redan (Industrial) Township ... 544
45. Proposed Establishment of Lakefield Extension No. 7 Township ... 545
46. Proposed Establishment of Hyde Park Extension No. 23 Township ... 545

Tenders ... 546

Applications for Motor Transportation Certificate ... 552

Pound Sales ... 558

Notices by Local Authorities ... 558

No. 73 (Administrateurs-), 1958.]

## PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Sunningdale Uitbreiding No. 2 te stig op Gedeelte 90 van die plaas Rietfontein No. 8, distrik Germiston;

No. 73 (Administrator's), 1958.]

## PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Sunningdale Extension No. 2 on Portion 90 of the farm Rietfontein No. 8, District of Germiston;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel *twintig* van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Sesde dag van Maart Eenduisend Negehonderd Agt-en-vyftig.

Wm. NICOL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.D. 4/8/1754.

## BYLAE.

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR PRIMROSE ESTATES (PROPRIETARY), LIMITED, INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE DORPE- EN DORPSAANLEG-ORDONNANSIE, 1931, OM TOESTEMMING OM INGEVOLGE WET NO. 33 VAN 1907, 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 90 VAN DIE PLAAS RIETFONTEIN NO. 8, DISTRIK GERMISTON, TOEGESTAAN IS.

### A—STIGTNGSVOORWAARDES.

1. *Naam.*

Die naam van die dorp is Sunningdale Uitbreiding No. 2.

2. *Ontwerpplan van die dorp.*

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangewys op Algemene Plan L.G. No. A. 7132/57.

3. *Water.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat—

(*a*) 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is;

(*b*) reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is in verband met die lewering van die water in (*a*) hierbo genoem en die retikulasie daarvan deur die hele dorp: Met dien verstande dat onderstaande bepalings in sodanige reëlings ingesluit word:—

(i) Dat die applikant 'n geskikte voorraad water tot by die straatfront van die erf moet laat aanlê voordat die planne van 'n gebou wat op die erf opgerig sal word, deur die plaaslike bestuur goedgekeur word;

(ii) dat alle koste van, of in verband met, die installering van 'n installasie en toebehore vir die lewering, opgaar, indien nodig, en retikulasie van die water, deur die applikant gedra moet word, en die applikant is ook aanspreeklik om sodanige installasie en toebehore in 'n goeie toestand te onderhou tot tyd en wyl hulle deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat, indien die plaaslike bestuur vereis dat die applikant 'n installasie en toebehore van 'n groter kapasiteit as wat vir die dorp nodig is, moet installeer, die ekstra koste wat daardeur meegebring word deur die plaaslike bestuur gedra moet word;

(iii) dat die plaaslike bestuur daartoe geregtig is om genoemde installasie en toebehore te eniger tyd kosteloos oor te neem, op voorwaarde dat ses maande kennis gegee moet word: Met dien verstande dat die applikant gelde vir water wat gelewer word teen 'n tarief deur die plaaslike bestuur goedgekeur, kan vorder tot tyd en wyl die plaaslike bestuur genoemde waterlewering oorneem;

And whereas the provisions of the Townships and Town-Planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (4) of section *twenty* of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the Schedule hereto.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Sixth day of March, One thousand Nine hundred and Fifty-eight.

Wm. NICOL,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.D. 4/8/1754.

## SCHEDULE.

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY PRIMROSE ESTATES (PROPRIETARY), LIMITED, UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWNSHIPS AND TOWN-PLANNING ORDINANCE, 1931, FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP UNDER THE PROVISIONS OF ACT NO. 33 OF 1907, ON PORTION 90 OF THE FARM RIETFONTEIN NO. 8, DISTRICT OF GERMISTON, WAS GRANTED.

### A—CONDITIONS OF ESTABLISHMENT.

1. *Name.*

The name of the township shall be Sunningdale Extension No. 2.

2. *Design of Township.*

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A.7132/57.

3. *Water.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that—

(*a*) a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up, including provision for fire fighting services, is available;

(*b*) arrangements to the satisfaction of the local authority have been made regarding the delivery of the water referred to in (*a*) above and the reticulation thereof throughout the township: Provided that such arrangements shall include the following provisions:—

(i) That before the plans of any building to be erected upon any erf are approved by the local authority the applicant shall cause a suitable supply of water to be laid on the street frontage of the erf;

(ii) that all costs of, or connected with, the installation of plant and appurtenances for the delivery, storage if necessary, and reticulation of the water shall be borne by the applicant, who shall also be responsible for the maintenance of such plant and appurtenances in good order and repair until they are taken over by the local authority: Provided that if the local authority requires the applicant to install plant and appurtenances of a capacity in excess of the needs of the township the additional costs occasioned thereby shall be borne by the local authority;

(iii) that the local authority shall be entitled to take over free of cost the said plant and appurtenances at any time, subject to the giving of six months' notice: Provided that until the local authority takes over the said water supply the applicant may make charges for water supplied at a tariff approved by the local authority;

(c) die applikant geskikte waarborge aan die plaaslike bestuur verstrek het met betrekking tot die nakoming van sy verpligtings kragtens bostaande reëlings.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings tussen die applikant en die plaaslike bestuur getref, uiteengesit word, met spesiale vermelding van die waarborge in subparagraaf (c) genoem, moet tesame met genoemde sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. *Sanitêre dienste.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van afvalwater en vuilisverwydering.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

5. *Elektrisiteit.*

Die applikant moet 'n sertifikaat van die plaaslike bestuur aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering van elektrisiteit en die distribusie daarvan deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

6. *Begraafplaas-, stortings- en Naturellelokasieterreine.*

Die applikant moet tot voldoening van die Administrateur met die plaaslike bestuur reëlings tref ten opsigte van die voorsiening van 'n stortingsterrein en terreine vir 'n begraafplaas en Naturellelokasie. As sodanige voorsiening bestaan uit grond aan die plaaslike bestuur oorgedra te word, is die oordrag daarvan nie onderworpe aan voorwaardes waarby die gebruik of die reg van vervreemding daarvan deur die plaaslike bestuur, beperk word nie.

7. *Mineraleregte.*

Alle regte op minerale en edelgesteentes met inbegrip van alle regte wat by die pagvry-grondbesitter berus of hierna kan berus om te deel in die gelde wat moontlik aan die Kroon kan toekom uit die verkoop van mynregte oor die dorp, asook die aandeel in kleimlisensiegelde en enige aandeel in huurgelde of winste wat moontlik aan enige eienaar kan toekom ingevolge enige mynbrief ten opsigte van die grond binne die dorp, en dergelike gelde, word aan die applikant voorbehou.

8. *Opheffing van bestaande Titelvoorwaardes.*

Die applikant moet sorg dat die volgende bestaande voorwaardes opgehef word:—

(i) Dat die eienaar toegelaat moet word om voort te gaan met die boerderybedryf in die algemeen en die hoenderboerdery in die besonder, en dat hy toegelaat moet word om sodanige geboue en bouwerke as wat vereis word ten einde hierdie bedryf op bevredigende wyse voort te sit op te rig, mits hierdie geboue en bouwerke van steen of soortgelyke materiaal gebou word, en dat slegs een woonhuis met die nodige buitegeboue op genoemde gedeelte opgerig word.

(ii) Dat genoemde gedeelte of enige gedeelte daarvan nie oorgedra, verhuur, of op enige ander manier toegeken of van die hand gesit mag word aan 'n Kleurling nie, en dat geen Kleurling, uitgesonderd die huisbediendes van die geregistreerde eienaar of sy huurders toegelaat mag word om daarop te woon of om dit op 'n ander manier te okkupeer nie.

(iii) Dat geen hinderlike bedryf op genoemde gedeelte gedryf mag word nie.

(iv) Dat geen stene op genoemde gedeelte gemaak mag word nie, behalwe vir die doel om geboue daarop op te rig.

(v) Dat genoemde gedeelte nie onderverdeel mag word alvorens die skriftelike toestemming van William Raeburn Snow eers daartoe verkry is nie.

(c) the applicant has furnished the local authority with adequate guarantees regarding the fulfilment of its obligations under the above-mentioned arrangements.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements entered into between the applicant and the local authority, with special reference to the guarantees referred to in sub-paragraph (c) shall accompany the said certificate as an annexure thereto.

4. *Sanitation.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the sanitation of the township, which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

5. *Electricity.*

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate from the local authority to the effect that arrangements to its satisfaction have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the aforesaid arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. *Cemetery, Depositing and Native Location Sites.*

The applicant shall make arrangements with the local authority to the satisfaction of the Administrator in regard to the provision of a depositing site and sites for a cemetery and Native location. Should such provision consist of land to be transferred to the local authority, transfer thereof shall be free of conditions restricting the use or the right of disposal thereof by the local authority.

7. *Mineral Rights.*

All rights to minerals and precious stones together with all rights which may be or become vested in the freehold owner to share in any proceeds which may accrue to the Crown from the disposal of the undermining rights of the township, including the share of claim licence moneys and any share of rentals or profits which may accrue to any owner under any mining lease granted in respect of the land covered by the township and the like shall be reserved to the applicant.

8. *Cancellation of Existing Conditions of Title.*

The applicant shall obtain the cancellation of the following existing conditions:—

(i) That the owner shall be allowed to carry on the business of farming generally and specially that of poultry farming, and that it shall be allowed to erect such buildings and structures as it may require for satisfactorily carrying on these farming operations, provided these buildings and structures are constructed of brick or similar materials and only one residence with the necessary outbuildings shall be erected on the said portion.

(ii) That the said portion or any portion thereof shall not be transferred, leased or in any other manner, assigned or disposed of to any Coloured person, and no Coloured person, other than the domestic servants of the registered owner or his tenants shall be permitted to reside thereon, or in any other manner occupy the same.

(iii) That no obnoxious trade shall be carried on on the said portion.

(iv) That no bricks shall be made on the said portion except for the purpose of erecting buildings thereon.

(v) That the said portion shall not be subdivided without the consent of William Raeburn Snow, in writing, first had and obtained.

(vi) Dat nie meer as een woonhuis met die nodige buitegeboue daarop opgerig mag word alvorens die skriftelike toestemming van William Raeburn Snow eers daartoe verkry is nie.

(vii) Notariële Akte No. 396/1943-S.

9. *Strate.*

(*a*) Die applikant moet die strate in die dorp vorm en skraap tot voldoening van die plaaslike bestuur en is aanspreeklik vir die onderhoud daarvan tot tyd en wyl hierdie aanspreeklikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur van tyd tot tyd geregtig is om die applikant geheel en al of gedeeltelik van hierdie verpligting te onthef na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur.

(*b*) Die strate moet tot voldoening van die plaaslike bestuur name gegee word.

10. *Skenking.*

Die applikant moet, onderworpe aan die voorbehoudsbepalings van paragraaf (*d*) van subartikel (1) van artikel *sewe-en-twintig* van Ordonnansie No. 11 van 1931, as 'n skenking aan die plaaslike bestuur 'n bedrag betaal gelykstaande met 17% (sewentien persent) van slegs die grondwaarde van alle erwe wat deur die applikant verkoop, verruil of geskenk of op enige ander manier van die hand gesit word (uitgesonderd erwe oorgedra ingevolge artikel *vier-en-twintig* van daardie Ordonnansie), sodanige waarde bereken te word soos op die datum waarop dit aldus van die hand gesit word en vasgestel te word op die wyse uiteengesit in genoemde paragraaf (*d*).

Die applikant moet geouditeerde, gedetailleerde kwartaalstate, tesame met die bedrag wat daarop aangewys word as verskuldig aan die plaaslike bestuur, aan die plaaslike bestuur verstrek. Die plaaslike bestuur of enige beampte deur hom behoorlik daartoe magtiging verleen, besit die reg om op alle redelike tye die applikant se boeke betreffende die verkoop van erwe in die dorp te inspekteer en te ouditeer. Op versoek van genoemde plaaslike bestuur of beampte moet die applikant alle boeke en stukke wat vir sodanige inspeksie en ouditering nodig is, voorlê. Indien geen sodanige gelde gedurende enige tydperk van drie maande ontvang is nie, kan die plaaslike bestuur 'n verklaring waarin melding hiervan gemaak word, in plaas van 'n geouditeerde staat aanneem.

11. *Transformatorterrein.*

Erf No. 44 op die Algemene Plan moet deur en op koste van die applikant as 'n transformatorterrein aan die betrokke owerheid oorgedra word.

12. *Nakoming van voorwaardes.*

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die titelvoorwaardes en ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige ander persoon of liggaam van persone te laat berus.

B—TITELVOORWAARDES.

1. *Alle erwe.*

Die erf is onderworpe aan bestaande voorwaardes en serwitute met inbegrip van die voorbehoud van mineraleregte.

2. *Die erwe met sekere uitsonderings.*

Die erwe uitgesonderd—

(i) die erf genoem in klousule A. 11 hiervan;

(ii) erwe wat vir Goewerments- of Provinsiale doeleindes verkry word; en

(iii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry word mits die Administrateur, na raadpleging met die Dorperaad, die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;

is onderworpe aan onderstaande verdere voorwaardes:—

(*a*) Die applikant en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om

(vi) That not more than one residence with the necessary outbuildings shall be erected thereon, without the consent of William Raeburn Snow, in writing, first had and obtained.

(vii) Notarial Deed No. 396/1943-S.

9. *Streets.*

(*a*) The applicant shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall from time to time be entitled to relieve the applicant wholly or partially from this obligation after reference to the Board and the local authority.

(*b*) The streets shall be named to the satisfaction of the local authority.

10. *Endowment.*

The applicant shall, subject to the provisos to paragraph (*d*) of sub-section (1) of section *twenty-seven* of Ordinance No. 11 of 1931, pay as an endowment to the local authority an amount representing 17% (seventeen per cent) on land value only of all erven disposed of by the applicant by way of sale, barter or gift or in any other manner (other than erven transferred in terms of section *twenty-four* of that Ordinance), such value to be calculated as at the date of such disposal and to be determined in the manner set out in the said paragraph (*d*).

Quarterly audited detailed statements shall be rendered by the applicant to the local authority and shall be accompanied by a remittance for the amount shown to be due to the local authority. The local authority, or any official duly authorised thereto by it, shall have the right at all reasonable times to inspect and audit the applicant's books relative to the disposal of erven in the township. If so required by the said local authority, or official, the applicant shall produce all such books and papers as may be necessary for such inspection and audit. If no such moneys have been received during any quarterly period the local authority may, in lieu of an audited statement, accept a statement to that effect.

11. *Transformer Site.*

Erf No. 44 on the General Plan shall be transferred to the proper authority by and at the expense of the applicant as a transformer site.

12. *Enforcement of Conditions.*

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have the power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B—CONDITIONS OF TITLE.

1. *All Erven.*

The erf shall be subject to existing conditions and servitudes including the reservation of rights to minerals.

2. *The Erven with Certain Exceptions.*

The erven with the exception of—

(i) the erf mentioned in clause A 11 hereof;

(ii) such erven as may be acquired for Government or Provincial purposes; and

(iii) such erven as may be acquired for municipal purposes provided the Administrator after consultation with the Board, has approved the purposes for which such erven are required;

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:—

(*a*) The applicant and any other person or body of persons so authorised, in writing, by the Administrator shall, for the purpose of securing the

te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel *ses-en-vyftig bis* van Ordonnansie No. 11 van 1931 nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.

(*b*) Die erf of enige gedeelte daarvan mag nie aan 'n Kleurling oorgedra, verhuur of op 'n ander manier toegewys of van die hand gesit word nie en geen Kleurlinge, uitgesonderd die eienaar of okkupeerder se bediendes, *bona fide* en noodsaaklik in diens op die erf, mag toegelaat word om daarop te woon of om dit op 'n ander manier te okkupeer nie.

(*c*) Planne en spesifikasies van alle geboue en van alle veranderings of aanbouings aan geboue moet ingedien word by die plaaslike bestuur, wie se skriftelike goedkeuring verkry moet word voordat 'n aanvang met die bouwerksaamhede gemaak word. Alle geboue of veranderings of aanbouings aan geboue moet binne 'n redelike tydperk nadat daar 'n aanvang daarmee gemaak is, voltooi word.

(*d*) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die bevalligheid van die omgewing benadeel nie.

(*e*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te grawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(*f*) Geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Besture, mag op die erf aangehou of op stal gesit word nie sonder die toestemming van die plaaslike bestuur.

(*g*) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene mag op die erf opgerig word nie.

(*h*) Behalwe met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die plaaslike bestuur oplê, mag nòg die eienaar nòg die okkupeerder van die erf enige putte of boorgate daarop uitgrawe of boor of enige onderaardse water daaruit haal nie.

(*j*) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n publieke straat af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop; met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, aanspreeklik is om 'n eweredige aandeel van die koste te betaal van enige pyplyn of afleivoor wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer: Voorts met dien verstande dat, in geval van 'n geskil tussen die partye in verband met die aard of ligging van die pyplyn of afleivoor of die toewysing van die koste, die saak verwys word na die Administrateur, of persoon deur hom aangewys, by wie die eindbeslissing berus.

(*k*) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met die toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek vir openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat wanneer die dorp in die gebied van 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema ingesluit word die plaaslike bestuur sodanige ander geboue waarvoor in die skema voorsiening gemaak word, kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.

(*l*) Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section *fifty-six bis* of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power at all reasonable times to enter into and upon the erf for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.

(*b*) The erf, or any portion thereof, shall not be transferred, leased or in any other manner assigned or disposed of to any Coloured person and no Coloured persons other than the servants of the owner or occupier bona fide and necessarily employed on the erf shall be permitted to reside thereon or in any other manner to occupy it.

(*c*) Plans and specifications of all buildings and of all alterations or additions thereto shall be submitted to the local authority whose approval, in writing, shall be obtained before the commencement of building operations. All buildings or alterations or additions thereto shall be completed within a reasonable time after commencement.

(*d*) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.

(*e*) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(*f*) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities Pounds Regulations shall be kept or stabled on the erf.

(*g*) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(*h*) Except with the written approval of the local authority and subject to such conditions as the local authority may impose, neither the owner nor any occupier of the erf shall sink any wells or boreholes thereon or abstract any subterranean water therefrom.

(*j*) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher-lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher-lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower-lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipeline or drain which the owner of such lower-lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf, and: Provided further that, in the event of a dispute between the parties as to the nature or the position of the pipeline or drain, or the allocation of the cost, the matter shall be referred to the Administrator or his nominee, whose decision shall be final.

(*k*) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that when the township is included within the area of an approved Town-planning Scheme the local authority may permit such other buildings as may be provided for in the Scheme subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required.

(*l*) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(*m*) Uitgesonderd met die toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes kan stel as wat hy nodig ag, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat as die erf onderverdeel word of as dit of enige gedeelte daarvan met enige ander erf of gedeelte van 'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met die toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of die gekonsolideerde gebied toegepas kan word—

(i) die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens £2,000 wees;

(ii) die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig en later voltooi sal word nie, moet gelyktydig met of vóór die buitegeboue opgerig word.

(*n*) Geboue, met inbegrip van buitegeboue wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 25 voet (Engelse) van die straatgrens daarvan geleë wees.

(*o*) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

3. *Serwitute vir riolerings- en ander munisipale doeleindes.*

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is die erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(*a*) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, ses voet breed, langs enigeen van sy grense uitgesonderd 'n straatgrens.

(*b*) Geen gebou of ander struktuur mag binne voornoemde serwituutsgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige servituut of binne ses voet daarvan geplant word nie.

(*c*) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal, as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke as wat hy volgens goeddunke as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op die grond wat aan voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed, wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

4. *Woordomskrywing.*

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukkings die betekenisse wat daaraan geheg word:—

(i) „Applikant" beteken Primrose Estates (Proprietary), Limited, en sy opvolgers tot die eiendomsreg van die dorp.

(ii) „Kleurling" beteken 'n Afrikaanse of Asiatiese inboorling, Kaapse Maleier of iedereen wat klaarblyklik 'n Kleurling is, en omvat enige vennootskap of maatskappy of vereniging van persone, waarin enige sodanige persoon die bevoegdheid besit om enige beheer, van watter aard ook al, uit te oefen oor die werksaamhede of bates van sodanige vennootskap of maatskappy of vereniging van persone.

(iii) „Woonhuis" beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning vir een gesin.

5. *Goewerments- en munisipale erwe.*

As die erf wat in klousule A 11 vermeld word of erwe wat verkry word soos in klousule B 2 (ii) en (iii) hiervan beoog, in die besit kom van enige ander persoon as die Goewerment of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van voormelde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad bepaal.

(*m*) Except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary, not more than one dwelling-house together with such outbuildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or it or any portion of it is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.

(i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than £2,000;

(ii) the main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(*n*) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 25 feet (English) from the boundary thereof abutting on a street.

(*o*) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

3. *Servitudes for Sewerage and other Municipal Purposes.*

In addition to the relevant conditions set out above the erven shall be subject to the following conditions:—

(*a*) The erf is subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any one of its boundaries other than a street boundary.

(*b*) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 6 feet thereof.

(*c*) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

4. *Definitions.*

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:—

(i) "Applicant" means Primrose Estates (Proprietary), Limited, and its successors in title to the township.

(ii) "Coloured person" means any African or Asiatic native, Cape Malay, or any person who is manifestly a Coloured person and includes any partnership or company or association of persons, in which any such person has the power to exercise any control whatsoever over the activities or assets of such partnership or company or association of persons.

(iii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

5. *Government and Municipal Erven.*

Should the erf referred to in clause A 11 or erven acquired as contemplated in clauses B 2 (ii) and (iii) hereof come into the possession of any person other than the Government or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be decided by the Administrator after consultation with the Board.

No. 74 (Administrateurs-), 1958.]

## PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal artikel *vyf-en-veertig* van die Onderwysordonnansie 1953, bepaal dat enige provinsiale onderwysinrigting (uitgenome 'n laerskool) in Kategorie (A) van die Eerste Bylae by genoemde Ordonnansie insgesluit kan word;

En nademaal dit dienstig geag word om die Hoër Skool Wolmaransstad, geleë in die Skoolraadsdistrik van Wolmaransstad, in Kategorie (A) van die Eerste Bylae by genoemde Ordonnansie in te sluit;

En nademaal die bepalings van artikel *vyf-en-veertig* van genoemde Ordonnansie nagekom is;

So is dit dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegdheid my in artikel *vyf-en-veertig* van genoemde Ordonnansie verleen, hierby verklaar, dat die Hoër Skool Wolmaransstad, geleë in die Skoolraadsdistrik van Wolmaransstad, in Kategorie (A) van die Eerste Bylae by genoemde Ordonnansie ingesluit is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my hand te Pretoria op hede die Sewende dag van Maart Eenduisend Negehonderd Agt-en-vyftig.

Wm. NICOL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.O. In. 1053—1.

No. 74 (Administrator's), 1958.]

## PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas it is provided by section *forty-five* of the Education Ordinance, 1953, that any provincial educational institution (other than a primary school) may be included in Category (A) of the First Schedule to the said Ordinance;

And whereas it is deemed expedient to include the Wolmaransstad High School, situated in the School Board District of Wolmaransstad, in Category (A) of the First Schedule to the said Ordinance;

And whereas the provisions of section *forty-five* of the said Ordinance have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section *forty-five* of the said Ordinance, I hereby declare that the Wolmaransstad High School, situated in the School Board District of Wolmaransstad, shall be and is hereby included in Category (A) of the First Schedule to the said Ordinance.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Seventh day of March, One thousand Nine hundred and Fifty-eight.

Wm. NICOL,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.O. In. 1053—1.

No. 75 (Administrateurs-), 1958.]

## PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Nademaal dit wenslik geag word om die grense van die dorp Claremont, distrik Pretoria, Provinsie Transvaal, te verander, en Gedeelte 151 ('n gedeelte van Gedeelte 132) van die plaas Zandfontein No. 93, distrik Pretoria *vide* Plan No. L.G. No. A.7159/56, in genoemde dorp op te neem;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (1) van artikel *nege-en-veertig* van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, gelees met artikel *twintig bis* van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, aan my verleen word, hierby verklaar dat die grense ven genoemde dorp uitgebrei word sodat genoemde Gedeelte 151 daarin opgeneem word, op die volgende voorwaardes:—

A. INLYWINGSVOORWAARDES.

(*a*) Die grond moet by inlywing gekonsolideer word met die gekonsolideerde gebied van Persele Nos. 332, 333 en 334 van die dorp Claremont.

(*b*) Die volgende voorwaardes bly van krag:—

(i) Dat die eienaars van Gedeelte „C" van genoemde plaas Zandfontein No. 93 (waarvan die eiendom hierby oorgedra 'n gedeelte uitmaak) en van Gedeelte „B" van genoemde plaas oorspronklik gehou ingevolge Akte van Oordrag No. 5095/1897, groot 373 morg 273 vierkante roede, elk geregtig is op een helfte van die water afkomstig uit die bestaande fonteine, damme en watervore geleë op Gedeelte „C", en elk daarop geregtig is om die hele watervoorraad gedurende elke tweede opvolgende week te gebruik, en die koste verbonde aan die skoonmaak en herstel van genoemde watervore en damme moet gelykop deur hulle gedra word, en sodanige skoonmaak en herstel moet geskied so dikwels as wat dit na mening van een van die partye nodig is, onderworpe aan 'n week kennisgewing van die een aan die ander. Indien sodanige skriftelike kennisgewing deur die ander party verontagsaam word, dan is die party wat sodanige kennis gegee het, daarop geregtig om voort te gaan met sodanige skoonmaak en herstel op hulle gesamentlike koste.

No. 75 (Administrator's), 1958.]

## PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Whereas it is desirable to amend the boundaries of Claremont Township, District of Pretoria, Province of Transvaal, and to include within the said township Portion 151 (a portion of Portion 132) of the farm Zandfontein No. 93, District of Pretoria, *vide* Plan No. S.G. No. A. 7159/56;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *forty-nine* of the Deeds Registries Act, 1937, read with section *twenty bis* of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, I hereby declare that the boundaries of the said township are extended to include the said Portion 151, subject to the following conditions:—

A. CONDITIONS OF INCORPORATION.

(*a*) The land shall upon incorporation be consolidated with the consolidated area of Lots Nos. 332, 333 and 334, Claremont Township.

(*b*) The following conditions shall remain:—

(i) That the owners of Portion "C" of the said farm Zandfontein No. 93 (of which the property hereby transferred forms a portion) and of portion "B" of the said farm originally held under Deed of Transfer No. 5095/1897, measuring 373 morgen 273 square roods, each will be entitled to one half of the water which can be derived from the existing fountains, dams and water furrows which are situated on portion "C" and each shall be entitled to use the whole supply of water during alternate successive weeks, and the costs of cleaning and repairing the said water furrows and dams shall be borne equally by them, and such repairing and cleaning shall occur as often as may seem necessary in the opinion of one of the parties subject to a week's notice from one to the other. Should such written notice be ignored by the other party then the party who gave such notice shall be entitled to proceed with such cleaning and repairing at their joint expense.

(ii) In die gebruik en genieting van enige aankomende waterregte van die eienaar van die resterende gedeelte van genoemde Gedeelte „C", groot as sodanig, 172 morg 492 vierkante roede:—

(*a*) Is die eienaars van Gedeelte „2" ('n gedeelte van genoemde Gedeelte „C"), (waarvan die eiendom hierby oorgedra 'n gedeelte uitmaak) geregtig op 'n serwituut van watervoor van die plek af waar die bestaande watervoor, geleë op die resterende gedeelte van Gedeelte „C" van genoemde plaas en wat van wes na oos min of meer parallel met die noorde van die grenslyn B C gemerk op kaart aangeheg aan Akte van Gedeeltelike Oordrag No. 4772/1926 (hierna „die bestaande watervoor op die resterende gedeelte" genoem), loop in die dam gemerk „A" op genoemde kaart, na die grenslyn E D gemerk, langs die kortste moontlike afstand, met die reg op die gebruik van die water uit die bestaande watervoor op die resterende gedeelte om die beurt met die eienaar van die resterende gedeelte van Gedeelte „C" groot, as sodanig, 93 morg 488 vierkante roede, op die 7de dag van Mei 1926 oorgedra by Akte van Oordrag No. 4773/1926, op so 'n wyse dat die eienaar van Gedeelte „2" van Gedeelte „C" van genoemde plaas, die eienaar van die resterende gedeelte van Gedeelte „C", groot, as sodanig, 93 morg 488 vierkante roede, gelykop deel in die regte wat eienaars hiertevore gehad het ten opsigte van genoemde resterende gedeelte van Gedeelte „C" van genoemde plaas, groot, as sodanig, 172 morg 492 vierkante roede.

(*b*) Moet die bestaande watervoor op die resterende gedeelte soos beskryf in die voorafgaande paragraaf, asook die fonteine waaruit die water verkry word, skoongemaak word deur die eienaars van genoemde Gedeelte „2" van Gedeelte „C" (waarvan die eiendom hierby oorgedra 'n gedeelte uitmaak) van genoemde plaas en die resterende gedeelte van Gedeelte „C" daarvan, groot, as sodanig, 93 morg 488 vierkante roede, op hulle gesamentlike koste.

(*c*) Is die eienaar van die resterende gedeelte van Gedeelte „C" van genoemde plaas, groot, as sodanig, 93 morge 488 vierkante roede, geregtig op 'n serwituut van watervoor en waterleiding uit die dam gemerk „c" op voornoemde kaart, oor die kortste afstand noord na die grens B C D gemerk, hierdie watervoor moet hy skoonmaak en herstel op eie koste, met 'n verdere reg op die gebruik van die water uit genoemde dam „C" en die fonteine wat daarin vloei, saam en om die beurt gesamentlik met die eienaars van genoemde Gedeelte „2" van Gedeelte „C" (waarvan die eiendom hierby oorgedra 'n deel uitmaak) van die plaas, en met sodanige waterbeurte dat die regte van die eienaar van die resterende gedeelte van Gedeelte „C" van genoemde plaas, groot, as sodanig, 172 morg 492 vierkante roede, op die gebruik van genoemde water gelykop tussen hulle verdeel word. Laasgenoemde eienaar mag egter nie gebruik maak van die watervoor hierbo in hierdie paragraaf beskryf nie. Die fonteine en watervore waarvandaan die water in die dam gemerk „C" vloei, moet gesamentlik deur die eienaars van genoemde Gedeelte „2" van Gedeelte „C" (waarvan die eiendom hierby oorgedra 'n gedeelte uitmaak) van genoemde plaas en van die resterende gedeelte van Gedeelte „C" daarvan, groot, as sodanig, 93 morg 488 vierkante roede, skoongemaak word, en die koste daarvan gelykop deur genoemde eienaars gedra word.

(ii) In the use and enjoyment of any water rights which may accrue to the owner of the remaining extent of the said Portion "C" measuring as such 172 morgen 492 square roods, then

(*a*) The owners of Portion "2" (a portion of the said Portion "C"), of which the property hereby transferred forms a portion), will be entitled to a servitude of water furrow from the point where the existing water furrow situated on the remainder of portion "C" of the said farm and which runs from west to east more or less parallel with the north of the boundary line marked BC on diagram annexed to Deed of Partition Transfer No. 4772/1926 (hereinafter called "the existing water furrow on the remainder"), into the dam marked "A" on the said diagram; to the boundary line marked ED along the shortest possible distance with a right to the use of the water out of the existing water furrow on the remainder in turns with the owner of the remainder of the said Portion "C", measuring as such 93 morgen 488 square roods, transferred on the 7th day of May, 1926, by Deed of Transfer No. 4773/1926, in such a manner that the owner of Portion "2" of Portion "C" of the said farm, the owner of the remaining extent of the said portion "C" measuring as such 93 morgen 488 square roods, will share equally the rights which owners heretofore had in respect of the said remainder of Portion "C" of the said farm measuring as such 172 morgen 492 square roods.

(*b*) The existing water furrow on the remainder as described in the preceding paragraph as also the fountains out of which the water is derived shall be cleaned by the owners of the said Portion "2" of Portion "C" (of which the property hereby transferred forms a portion) of the said farm and of the remainder of portion "C" thereof; measuring as such 93 morgen 488 square roods, at their joint expense.

(*c*) The owner of the remainder of Portion "C" of the said farm measuring as such 93 morgen 488 square roods, will be entitled to a servitude of water furrow and water leading out of the dam marked "c" on the aforesaid diagram over the nearest distance north to the boundary marked BCD which furrow he shall clean and repair at his own expense with a further right to use of the water out of the said dam "C" and the fountains running therein, in turns together with the owners of the said portion "2" of Portion "C" (of which the property hereby transferred forms a portion of the farm, and in such water turns that the rights of the owner of the remainder of portion "C" of the said farm measuring as such 172 morgen 492 square roods, to the use of the said water will be equally divided between them. The last-mentioned owner, however, shall not make use of the water furrow described above in this paragraph. The fountains and water furrows from which the water runs into the dam marked "C" shall be cleaned jointly by the owners of the said Portion "2" of Portion "C" (of which the property hereby transferred forms a portion) of the said farm and of the remainder of Portion "C" thereof, measuring as such 93 morgen 488 square roods, the costs thereof shall be borne equally by the said owners.

B. TITELVOORWAARDES.

Die grond is by inlywing onderworpe aan die bestaande voorwaardes en serwitute maar sonder inbegrip van die voorwaarde genoem onder paragraaf C en is verder onderworpe aan die volgende voorwaardes:—

Die perseel, of enige gedeelte daarvan mag nie aan 'n Kleurling oorgedra, verhuur of op 'n ander manier toegewys of van die hand gesit word nie en geen Kleurlinge, uitgesonderd die eienaar of okkupeerder se bediendes, *bona fide* en noodsaaklik in diens op die perseel, mag toegelaat word om daarop te woon of om dit op 'n ander manier te okkupeer nie.

„Kleurling" beteken 'n Afrikaanse of Asiatiese inboorling, Kaapse Maleier of iedereen wat klaarblyklik 'n Kleurling is, en omvat enige vennootskap of maatskappy of vereniging van persone, waarin enige sodanige persoon die bevoegdheid besit om enige beheer, van watter aard ook al, uit te oefen oor die werksaamhede of bates van sodanige vennootskap of maatskappy of vereniging van persone.

C. VOORWAARDE WAARAAN DIE GROND NIE ONDERWORPE IS NIE.

(*d*) Die eienaars van Gedeelte „2" van genoemde Gedeelte „C" (waarvan die eiendom hierby oorgedra 'n gedeelte uitmaak) van genoemde plaas, word verbied om bome van watter aard ook al te plant binne 'n afstand van honderd tree suid van die grenslyn B C op voornoemde kaart.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Vyfde dag van Maart Eenduisend Negehonderd Agt-en-vyftig.

Wm. NICOL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.D. 6/81.

B. CONDITIONS OF TITLE.

The land shall upon incorporation be subject to existing conditions and servitudes but excluding the conditions mentioned under paragraph C and shall further be subject to the following conditions:—

The lot, or any portion thereof, shall not be transferred, leased or in any other manner assigned or disposed of to any Coloured person and no Coloured persons other than the servants of the owner or occupier bona fide and necessarily employed on the lot shall be permitted to reside thereon or in any other manner to occupy it.

"Coloured person" shall mean any African or Asiatic Native, Cape Malay, or any person who is manifestly a Coloured person and shall include any partnership or company or association of persons, in which any such person has the power to exercise any control whatsoever over the activities or assets of such partnership or company or association of persons.

C. CONDITION TO WHICH THE LAND SHALL NOT BE SUBJECT.

(*d*) The owners of Portion "2" of the said Portion "C" (of which the property hereby transferred forms a portion) of the said farm are prohibited from planting trees of any nature within a distance of a hundred yards south of the boundary line B C on the aforesaid diagram.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Fifth day of March, One thousand Nine hundred and Fifty-eight.

Wm. NICOL,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.D. 6/81.

# PROVINSIALE ADMINISTRASIE.

## ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS.

Onderstaande kennisgewings wat betrekking het op die administrasie van die Provinsie Transvaal word op gesag van die Administrateur vir algemene inligting gepubliseer.

H. F. CLEAVER,
Waarnemende Provinsiale Sekretaris.
Kantoor van die Administrateur van Transvaal, Pretoria.

Administrateurskennisgewing No. 143.] [26 Februarie 1958.

MUNISIPALITEIT VEREENIGING.—OPHEFFING VAN VRYSTELLING VAN BEPALINGS VAN PLAASLIKE - BESTUUR - BELASTINGORDONNANSIE, 1933, TEN OPSIGTE VAN SEKERE GEBIEDE.

Ingevolge artikel *tien* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Vereeniging 'n petisie by die Administrateur ingedien het waarin hy versoek word om die bevoegdhede aan hom verleen by subartikel (10) van artikel *nege* van genoemde Ordonnansie uit te oefen deur die intrekking van die vrystelling van die bepalings van die Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie, 1933, ten opsigte van die eiendom wat in die bygaande Bylae beskryf word.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Offisiële Koerant van die Provinsie* aan die Administrateur 'n teen-petisie voor te lê met vermelding van gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

T.A.L.G. 3/2/36.

# PROVINCIAL ADMINISTRATION.

## ADMINISTRATOR'S NOTICES.

The following notices relating to the administration of the Province of the Transvaal are published under the authority of the Administrator for general information.

H. F. CLEAVER,
Acting Provincial Secretary,
Office of the Administrator of Transvaal, Pretoria.

Administrator's Notice No. 143.] [26 February 1958.

VEREENIGING MUNICIPALITY.—WITHDRAWAL OF EXEMPTION FROM PROVISIONS OF THE LOCAL AUTHORITIES RATING ORDINANCE, 1933—CERTAIN AREAS.

Notice is hereby given in terms of section *ten* of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Vereeniging has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by sub-section (10) of section *nine* of the said Ordinance withdraw the exemption from the provisions of the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, in regard to the properties described in the Schedule hereto.

It is competent for any person or persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to present to the Administrator a counter-petition setting forth the grounds of opposition to the Council's proposal.

T.A.L.G. 3/2/36.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT VEREENIGING.—OMSKRYWING VAN GEBIEDE WAARVAN VRYSTELLING VAN BELASTING INGETREK SAL WORD.

1. Ebenhaezer-Landbouhoewes.
2. Harmoniesrus-Landbouhoewes, distrik Vereeniging.

Administrateurskennisgewing No. 186.] [12 Maart 1958.

MUNISIPALITEIT VEREENIGING.—HONDE- EN HONDEBLASTINGVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel *honderd-en-een* van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel *nege-en-negentig* van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/33/36.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT VEREENIGING.—HONDE- EN HONDEBELASTINGVERORDENINGE.

*Woordomskrywing.*

1. Vir die toepassing van hierdie verordeninge, tensy die sinsverband anders aandui, beteken—

„ belastingbetaler ", iemand wat die houer van 'n geldige belastingkwitansie en 'n metaalkenteken ingevolge hierdie verordeninge is;
„ hond ", 'n reun sowel as 'n teef;
„ Raad ", die Stadsraad van Vereniging;
„ jaar ", 'n tydperk van en met die 1ste Januarie van 'n jaar tot en met die daaropvolgende 31ste Desember.

*Belasting wat betaal moet word.*

2. Niemand mag 'n hond van ses maande oud of ouer, aanhou nie, ten sy hy sodanige hond by die munisipale kantore laat registreer het, en op die wyse wat hierna bepaal word, 'n belastingkwitansie en 'n metaalkenteken ten opsigte van sodanige hond verkry het.

*Veronderstelling ten opsigte van ouderdom.*

3. Indien daar kragtens hierdie verordeninge geregtelike stappe gedoen word teen iemand wat 'n hond van ses maande oud of ouer aanhou sonder dat hy sy hondebelasting betaal het, word daar beskou dat sodanige hond al ses maande oud of ouer is, tensy en tot tyd en wyl die teendeel bewys is.

*Persoon wat vir die belasting aanspreeklik is.*

4. Vir die toepassing van hierdie verordeninge word daar beskou dat iedereen onder wie se sorg of toesig, of in wie se besit, of in wie se huis of perseel 'n hond aangetref of opgemerk word, die persoon is wat sodanige hond aanhou, tensy en tot tyd en wyl hy die teendeel bewys.

*Aansoekvorm en belasting.*

5. (1) Iedere applikant wat aansoek om 'n kwitansie ten opsigte van hondebelasting doen, moet 'n vorm voltooi wat deur die Raad verskaf word, en moet sy naam en adres en 'n juiste beskrywing van die hond ten opsigte waarvan sodanige belasting betaal word, daarop verstrek.

(2) Hierbenewens moet hy ten opsigte van elke hond, ooreenkomstig Bylae I van hierdie verordeninge, belasting betaal.

*Belastingkwitansie en kenteken.*

6. (1) Die Raad moet aan iedere applikant wat aan die vereistes van artikel 5 voldoen het, die ondergenoemde stukke uitreik:—

(*a*) 'n kwitansie wat hierin 'n belastingkwitansie genoem word, op 'n gedrukte vorm waarin die hond beskrywe word, en wat deur 'n behoorlik gemagtigde beampte van die Raad onderteken is;

(*b*) 'n metaalkenteken met die jaartal ten opsigte waarvan die belasting betaal is, asook die registrasienommer van die hond daarop.

(2) Die geldigheidsduur van iedere belastingkwitansie en van iedere metaalkenteken verstryk om middernag op die 31ste Desember wat op die uitreikingsdatum volg.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF VEREENIGING.—DESCRIPTION OF AREAS IN RESPECT OF WHICH EXEMPTION FROM RATING WILL BE WITHDRAWN.

1. Ebenhaezer Agricultural Holdings.
2. Harmoniesrus Agricultural Holdings, District Vereeniging.

26-5-12

Administrator's Notice No. 186.] [12 March 1958.

MUNICIPALITY OF VEREENIGING.—DOG AND DOG TAX BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section *one hundred and one* of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section *ninety-nine* of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/33/36.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF VEREENIGING.—DOGS AND DOG TAX BY-LAWS.

*Definitions.*

1. For the purpose of these by-laws unless the context indicates otherwise—

" taxpayer " means any person who is the holder of a current tax receipt and metal badge under these by-laws;
" dog " includes both a dog and a bitch;
" Council " means the Town Council of Vereeniging;
" year " means a period commencing as and including the 1st January of a year up to and including the 31st December of that same year.

*Tax to be Paid.*

2. No person shall keep any dog of or over the age of six months unless he shall have caused such dog to be registered at the municipal offices and obtained, in the manner hereinafter provided, a tax receipt and a metal badge in respect of each such dog.

*Presumption Regarding Age.*

3. In any proceeding instituted in terms of these by-laws against any person for keeping a dog of or over the age of six months without having paid the tax in respect thereof, such dog shall be deemed to have reached the age of six months unless and until the contrary is proved.

*Person Responsible for Tax.*

4. For the purposes of these by-laws every person in whose custody, charge or possession or within whose house or premises any dog shall be found or seen, shall be deemed to be the person keeping such dog, unless and until he shall prove the contrary.

*Application Form and Tax.*

5. (1) Every applicant for a dog tax receipt shall complete a form supplied by the Council, giving his name and address and an accurate description of the dog for which such tax is to be paid.

(2) He shall further, in respect of each dog, pay a tax in accordance with Schedule I of these by-laws.

*Tax Receipt and Badge.*

6. (1) To every applicant who has satisfied the requirements of section 5 the Council shall issue—

(*a*) a receipt upon a printed form, herein called tax receipt, which shall contain a description of the dog and which shall be signed by a duly authorised official of the Council;

(*b*) a metal badge bearing the year in respect of which tax has been paid, and the registered number of the dog.

(2) Every tax receipt and every metal badge shall cease to be effective at midnight upon the 31st December following the date of issue.

*Duplikaat belastingkwitansies en duplikaat kentekens.*

7. Iedereen wat 'n geldige belastingkwitansie of kenteken waartoe hy geregtig is, verloor, kan teen betaling van 'n bedrag van 2s. (twee sjielings) 'n duplikaat daarvan verkry indien hy die Raad oortuig dat hy die oorspronklike verloor het.

*Oordrag van belastingkwitansies.*

8. Die houer van 'n geldige belastingkwitansie kan dit aan iemand anders oordra, op die volgende voorwaardes:—

(*a*) Die persoon wat verlang dat sodanige kwitansie aan hom oorgedra moet word, moet by die Raad aansoek doen en moet die oorspronklike kwitansie, of 'n duplikaat daarvan, toon wat ten opsigte van die betrokke hond uitgereik is. Die kwitansie moet behoorlik deur die persoon wat dit oordra, op die agterkant daarvan geëndosseer wees ten effekte dat hy die hond van die hand gesit het en dit moet die naam van die nuwe eienaar bevat en onderteken wees deur die persoon aan wie dit oorgedra is, wat die Raad moet oortuig dat die bepalings van hierdie verordeninge nagekom is;

(*b*) die persoon aan wie die kwitansie oorgedra is, moet 'n bedrag van 2s. (twee sjielings) aan die Raad betaal;

(*c*) die gemagtigde beampte moet, indien bogenoemde vereistes nagekom is, die naam en adres van die nuwe eienaar op die belastingkwitansie aanbring:

Met dien verstande dat daar nie beskou mag word dat enigiets wat in hierdie artikel vervat is, dit magtig dat 'n geldige belastingkwitansie ten opsigte van 'n ander hond as die hond ten aansien waarvan sodanige belasting oorspronklik betaal is, oorgedra mag word nie.

*Honde van besoekers of honde wat behandeling ondergaan, word vrygestel.*

9. (1) Daar word nie van iemand wat buite die munisipaliteit woon en nie 'n gereelde bedryf of besigheid binne sodanige munisipaliteit uitoefen of dryf nie, of nie daar in diens is nie en wat 'n hond met hom saambring wanneer hy 'n tydelike besoek in sodanige munisipaliteit gaan aflê en voornemens is om die hond binne hoogstens dertig dae na die datum waarop hy in sodanige munisipaliteit aangekom het, weer met hom saam terug te neem; en

(2) van 'n blinde persoon wat 'n hond hoofsaaklik as 'n gids gebruik; en

(3) van iemand wat buite die munisipaliteit woon, en 'n hond op enige plek binne die munisipaliteit by 'n erkende hondetehuis of hondelosiesinrigting laat staan om behandel of gehuisves te word;

vereis om aan die bepalings van artikels 2, 5 en 10 te voldoen nie: Met dien verstande dat sodanige hond onmiddellik na afloop van die tydperk wat die behandeling of huisvesting duur, uit die munisipaliteit verwyder moet word.

*Die hond moet voorsien word van 'n halsband met die kenteken daaraan.*

10. Iedereen wat 'n hond aanhou wat ses maande oud of ouer is, moet—

(*a*) sodanige hond van 'n halsband voorsien waaraan die metaalkenteken wat in artikel 6 genoem word, bevestig is en onderhou word;

(*b*) sorg dat sodanige halsband aan die hond gesit word, en te alle tye aan hom bly.

*Belastingkwitansie moet vir ondersoek getoon word.*

11. Iedereen wat die belasting betaal het, moet te eniger tyd waarop, of plek waar dit redelikerwyse van hom verlang word, sy belastingkwitansie aan enige lid van die polisiemag, of aan enige behoorlik gemagtigde dienaar van die Raad toon.

*Honde wat blykbaar sonder baas is, kan geskut word.*

12. (1) 'n Gemagtigde dienaar van die Raad, of 'n lid van die polisiemag of iemand anders kan 'n hond wat los rondloop en blykbaar nie 'n baas het nie, of wat nie 'n metaalkenteken aan sy halsband het nie, skut toe neem, tensy die eienaar daarvan 'n skriftelike vrystelling kragtens artikel 21 kan toon, of tensy die bepalings van artikel 9 op sodanige hond van toepassing is, en sodanige hond

*Duplicate Tax Receipts and Badges.*

7. Any person who shall lose any current tax receipt or badge to which he is properly entitled may, upon satisfying the Council of such loss, obtain a duplicate thereof upon payment of a fee of 2s. (two shillings).

*Transfer of Tax Receipts.*

8. Any current tax receipt may be transferred by the holder thereof to another person subject to the following conditions:—

(*a*) The person desiring such transfer shall apply to the Council and produce the original receipt or duplicate thereof in respect of the dog in question, duly endorsed by the transferor, at the back thereof, to the effect that the dog has been disposed of, stating the name of the new owner and signed by the transferee, and shall satisfy the Council that the provisions of these by-laws have been observed;

(*b*) the transferee shall pay the sum of 2s. (two shillings) to the Council;

(*c*) the authorised official shall, if the above requirements have been complied with endorse the name and address of the new owner upon the tax receipt:

Provided that nothing in this section shall be deemed to authorise the transfer of a current tax receipt to cover any other dog than the dog in respect of which such tax was originally paid.

*Exemptions for Dogs Belonging to Visitors or Undergoing Treatment.*

9. (1) No person residing without the municipality and not being engaged in regular trade or business, or employed within such municipality, who may have brought any dog with him into such municipality with the intention of making a temporary visit and of taking such dog away with him again for a period not exceeding thirty days from the date of his arrival within such municipality; and

(2) no blind person who makes use of any dog mainly as a guide; and

(3) no person residing without the municipality who may leave any dog at any place within the municipality for treatment or boarding at a recognised kennel or dog boarding establishment;

shall be required to comply with the provisions of sections 2, 5 and 10: Provided that such dog is removed from the municipality immediately after such treatment or boarding is completed.

*Dog to be Provided with Collar with Badge Attached.*

10. Every person who keeps any dog of or over the age of six months shall—

(*a*) provide such dog with a collar, to which shall be attached and maintained the metal badge referred to in section 6;

(*b*) ensure that such collar is placed on and at all times kept on such dog.

*Tax Receipt to be Produced for Inspection.*

11. Every person who has paid the tax shall, whenever and wherever reasonably required, produce the tax receipt for inspection to any member of the Police Force or to any duly authorised servant of the Council.

*Impounding of apparently Ownerless Dogs.*

12. (1) Any duly authorised servant of the Council or any member of the Police Force or other person may take any dog which is at large and apparently ownerless, or which is without a metal badge upon his collar, unless the owner shall produce a written dispensation under section 21, or such dog falls under the provisions of section 9,

moet in die skut gehou word totdat die persoon wat dit opeis, 'n belastingkwitansie ten opsigte van die hond, aan die skutmeester toon, en die onderstaande bedrae aan die skutmeester betaal het—

(*a*) 'n dryfgeld van 1s. (een sjieling);

(*b*) 2s. 6d. (twee sjielings en ses pennies) ter bestryding van die koste om die hond daar te hou.

(2) Indien die naam en die adres van die eienaar van die hond, of van iemand anders wat daartoe geregtig is, op die halsband van 'n hond wat geskut word, gestempel of daaraan bevestig is, moet die skutmeester onmiddellik met sodanige persoon in verbinding tree. Daar word beskou dat 'n skriftelike mededeling wat gepos word na die adres wat op die halsband staan, vir die toepassing van hierdie artikel voldoende is.

(3) Iemand wat met geweld of andersins 'n hond wat wettiglik na die skut toe gebring word, afneem van die persoon of persone onder wie se sorg dit is, of probeer om dit af te neem, of wat 'n hond wat wettiglik deur die skutmeester geskut is, bevry, of probeer om dit te bevry, stel hom bloot aan die straf wat later hierin voorgeskryf word vir 'n oortreding van hierdie verordeninge.

*Onopgeëiste honde kan verkoop of afgemaak word.*

13. (1) Ingeval 'n hond nie binne 'n tydperk van sesen-negentig uur, bereken van 12-uur die middag van die dag waarop die hond geskut is, opgeëis word deur enigeen wat daartoe geregtig is nie, kan die Raad die hond laat verkoop op 'n wyse wat die Raad goed ag, en indien die hond nie verkoop word nie kan hy dit laat doodmaak.

(2) Die Raad is nie aanspreeklik vir enige skadevergoeding wat die eienaar of iemand anders wat geregtig tot die hond is, of enige koper van sodanige hond, eis na aanleiding van stappe wat kragtens hierdie artikel gedoen is nie.

*Register van geskutte honde.*

14. Die Raad moet 'n register byhou waarin die datum waarop iedere hond geskut, verkoop of afgemaak is en, ingeval 'n hond verkoop word, ook die bedrag wat daarvoor verkry is, aangeteken moet word.

*Die halsband en kenteken van 'n hond mag nie afgehaal of vir onwettige doeleindes gebruik word nie.*

15. Niemand mag 'n hondehalsband of 'n metaalteken wat aan 'n hondehalsband is, onwettiglik gebruik of vernietig, of van 'n hond af verwyder nie, of wederregtelik 'n namaaksel van sodanige metaalkenteken besit of gebruik nie.

*Gevaarlike en aanstootlike honde.*

16. (1) Niemand mag toelaat dat 'n hond wat gevaarlik of kwaai is, of wat aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly of 'n teef wat loops is, los rondloop nie.

(2) 'n Gemagtigde dienaar van die Raad, of 'n lid van die polisiemag, of iemand anders, kan so 'n reun of teef skut.

(3) Iemand wat aanspraak op 'n reun of teef maak wat aldus geskut is, kan nie eis dat dit aan hom terugbesorg moet word nie, tensy en alvorens hy die skutgeld betaal het, en skriftelik onderneem om dit behoorlik onder beheer te hou.

*Honde mag nie aangehits word om persone aan te val nie.*

17. Niemand mag sonder billike rede—

(*a*) 'n hond aanhits om 'n persoon of dier aan te val nie;

(*b*) toelaat dat 'n hond wat onder sy toesig of in sy besit is, 'n persoon of dier aanval of vrees aanja nie.

*Honde wat blaf of tjank.*

18. Niemand mag toelaat dat sy hond deur te blaf of op 'n ander wyse, steurnis veroorsaak nie.

to the pound, where such dog shall be detained until the person claiming it shall have produced to the Poundmaster a tax receipt in respect of such a dog, and paid to the Poundmaster—

(*a*) the sum of 1s. (one shilling) as driving money;

(*b*) the sum of 2s. 6d. (two shillings and sixpence) as a charge for keeping such dog.

(2) Where there is stamped on or fixed to the collar of any dog which has been brought to the pound the name and address of the owner thereof or other person entitled thereto, the Poundmaster shall immediately communicate with such person. A written communication posted to the address shown on the collar shall be deemed to be sufficient communication for the purpose of this section.

(3) Any person who shall by threats of violence or otherwise, rescue or attempt to rescue from the person or persons in charge thereof any dog being lawfully brought to the pound, or shall rescue or attempt to rescue any dog after the same has been lawfully impounded by the Poundmaster, shall be liable to the penalty hereinafter provided for a contravention of these by-laws.

*Unclaimed Dogs May Be Sold Or Destroyed.*

13. (1) In the event of any dog not being claimed by any person entitled to it in the space of ninety-six hours, commencing at noon on the day when the dog is impounded, the Council may cause such dog to be sold in such manner as it may deem fit, and in the event of no sale being effected, may cause such dog to be destroyed.

(2) No compensation shall be payable by the Council either to the owner or other person entitled to the dog or to any purchaser of such dog in respect of any action taken under this section.

*Register of Dogs Impounded.*

14. The Council shall keep a register showing the date when every dog is impounded, sold or destroyed, and in case of sales, the amount realised in respect thereof.

*Dog's Collar and Badge not to be Used or Removed.*

15. No person shall unlawfully use or destroy or remove from any dog any dog's collar or any metal badge attached to any dog's collar, or have unlawful possession of or use any counterfeit of any such metal badge.

*Dangerous and Objectionable Dogs.*

16. (1) No person shall permit any dog which is dangerous or vicious or suffering from any contagious or infectious disease, or any bitch on heat to be at large.

(2) Any authorised servant of the Council or any member of the Police Force or other person may take such dog or bitch to the pound.

(3) Any person claiming any dog or bitch so impounded shall not be entitled to its return to him unless and until he has paid the pound fees and given a written undertaking to keep it within proper control.

*Dogs not to be Urged to Attack Persons.*

17. No person shall, without reasonable cause—

(*a*) set any dog on to any person or animal;

(*b*) permit any dog in his custody or possession to attack or put in fear any person or animal.

*Barking and Howling Dogs.*

18. No person shall permit his dog to create a disturbance by barking or otherwise.

*Afmaak van honde.*

19. (1) Die Raad kan, onderworpe aan die bepalings van artikels 13 beveel dat enige hond in ondergenoemde gevalle afgemaak moet word:—

(*a*) Indien dit blyk dat sodanige hond tot die klas behoort wat in subartikel (1) van artikel 16 beskryf word en die persoon wat op sodanige hond aanspraak maak, ingevolge subartikel (3) van daardie artikel nie geregtig is om dit terug te kry nie: Met dien verstande dat daar in iedere geval aan die eienaar die geleentheid gebied moet word om, indien moontlik, sy saak te stel;

(*b*) indien 'n hond wat op 'n openbare plek los rondloop, blybaar nie 'n baas het nie, en nie opgeëis word nie;

(*c*) indien 'n hond op 'n openbare plek los rondloop en die eienaar daarvan of die persoon onder wie se toesig dit is, weier en/of versuim om die verskuldigde belasting ingevolge hierdie verordeninge te betaal.

(2) In geen geval betaal die Raad aan iemand vergoeding ten opsigte van 'n hond wat ingevolge hierdie artikel afgemaak word nie.

*Bevoegdheid om persele te betree.*

20. 'n Lid van die polisiemag of 'n behoorlik gemagtigde dienaar van die Raad kan vir enige doel in verband met die toepassing van hierdie verordeninge op enige redelike tyd, en sonder om vooraf kennis te gee, enige perseel hoegenaamd betree, en 'n tolk of 'n ander helper met hom saamneem, en sodanige ondersoek instel en navraag daar doen as wat hy nodig ag.

*Vergunning dat sekere honde sonder halsband kan loop.*

21. Die Raad kan na goeddunke in gevalle waar 'n halsband om die een of die ander besondere rede skadelik vir 'n hond is, die eienaar van sodanige hond skriftelik vrystel van die bepalings van artikel 10: Met dien verstande dat—

(*a*) daar met 'n hond wat los rondloop en blykbaar nie 'n baas het nie, op dieselfde wyse gehandel kan word as wat in artikel 12 voorgeskryf is;

(*b*) niks wat hierin vervat is, die persoon wat 'n hond aanhou, vrystel van die verpligting om andersins aan die bepalings van hierdie verordeninge te voldoen nie;

(*c*) so 'n persoon sodanige skriftelike vrystelling aan enige lid van die polisiemag of aan 'n gemagtigde beampte van die Raad moet toon indien dit vereis word.

22. Niemand mag die besigheid van 'n hondetehuis in 'n woonbuurt of in 'n gebied waarvan die streekindeling ingevolge 'n goedgekeurde dorpsaanlegskema vir „ algemene woondoeleindes " of „ spesiale woondoeleindes " na gelang van die geval, is, of binne 100 jaarts van sodanige gebied af, oprig, aanhou of onderhou nie.

23. Enige persoon, wat in gebreke bly of weier om te voldoen aan enige van die bepalings van hierdie verordeninge of wat enige lid van die polisiemag of behoorlik gemagtigde amptenaar van die Raad hinder, verhinder of teenhou met die uitvoering van enige pligte of magtiging, opgelê op sodanige lid van die polisiemag of behoorlik gemagtigde amptenaar van die Raad kragtens hierdie verordeninge, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie verordeninge en behalwe waar 'n straf uitdruklik opgelê word, is hy strafbaar met 'n boete van hoogstens £25 of 30 dae gevangenisstraf met dwangarbeid.

*Herroeping van bywette.*

24. Administrateurskennisgewing No. 784 van 10 Junie 1904, word hierby herroep.

## BYLAE I.

JAARLIKSE HONDEBELASTING.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| (*a*) Vir 'n lisensie ten opsigte van elke hond wat na die oordeel van die persoon aangestel om sodanige lisensie uit te reik van die soort moet wees wat bekendstaan as 'n kafferjaghond of een van die windhondras of een van 'n dergelike soort ... ... ... ... | 5 | 0 | 0 |

*Destruction of Dogs.*

19. (1) The Council may, subject to the provisions of section 13 order the destruction of any dog in the following cases:—

(*a*) Where it appears that such dog is of the type described in sub-section (1) of section 16 and the person claiming such dog is not entitled to its return to him under sub-section (2) of that section: Provided that in every such case the owner shall be given an opportunity of being heard, if possible;

(*b*) where any dog found at large in any public place appears to be ownerless or unclaimed;

(*c*) any dog found at large in any public place in respect of which the owner or person having custody of it refuses and/or fails to pay the current tax due under these by-laws.

(2) In no case shall any compensation be payable by the Council to any person in respect of the destruction of a dog under this section.

*Power to Enter Premises.*

20. Any member of the Police Force or duly authorised servant of the Council may for any purpose connected with the carrying out of these by-laws at all reasonable times and without previous notice enter upon any premises whatsoever, take with him on to any such premises an interpreter or other assistant and make such examination and enquiry thereon as he may deem necessary.

*Dispensation from Wearing Collar.*

21. The Council may, at its discretion in cases where, for any special reason, a collar is harmful to any dog, grant to the owner of such dog a dispensation, in writing, relieving such owner from the necessity of complying with the provisions of section 10: Provided that—

(*a*) any such dog found at large and apparently ownerless may be dealt with in the same manner prescribed in section 12;

(*b*) nothing herein contained shall relieve the keeper of any dog from otherwise complying with the provisions of these by-laws;

(*c*) every such person shall produce such written dispensation when required to do so to any member of the Police Force or authorised official of the Council.

22. No person shall establish, maintain or carry on a dog kennel business in a residential area or an area zoned as a " general residential " or " special residential " area under an approved town-planning scheme, whichever is applicable or within 100 yards of such an area.

23. Any person who fails or refuses to comply with any of the provisions of these by-laws or who hinders or obstructs or in any way interferes with any member of the Police Force or duly authorised servant of the Council in the carrying out of any duties or authority imposed upon such member of the Police Force or duly authorised servant of the Council by these by-laws, shall be guilty of a contravention of these by-laws and shall, except where a penalty has especially been provided, be liable to a fine not exceeding £25 or 30 days imprisonment with hard labour.

*Revocation of By-laws.*

24. Administrator's Notice No. 784, dated the 10th June, 1904, is hereby revoked.

## SCHEDULE I.

ANNUAL DOG TAXES.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| (*a*) For a licence in respect of every dog which, in the judgement of the person appointed to issue such licence, shall be of the kind known as a kaffir hunting dog or a dog of the greyhound strain or a dog of a similar kind ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... ... | 5 | 0 | 0 |

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| (*b*) Vir enige ander soort hond— | | | |
| (i) op enige datum voor en insluitende die eerste Julie van elke jaar— | | | |
| ten opsigte van 'n reun ... ... ... | 0 | 10 | 0 |
| ten opsigte van 'n teef ... ... ... ... | 1 | 0 | 0 |
| (ii) na die eerste Julie in elke jaar— | | | |
| ten opsigte van 'n reun ... ... ... ... | 0 | 5 | 0 |
| ten opsigte van 'n teef ... ... ... ... | 0 | 10 | 0 |

Administrateurskennisgewing No. 187.] [12 Maart 1958.

VERMINDERING VAN UITSPANSERWITUUT.—WOLMARANSSTAD DORP EN DORPSGRONDE No. H.O. 184, DISTRIK WOLMARANSSTAD.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing No. 234 van 2 Maart 1956, word hierby vir algemene kennisgewing bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag om, ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *vier-en-sestig*, saamgelas met paragraaf (*a*) van subartikel (1) van artikel *drie-en-sestig*, van die Pad-Ordonnansie, No. 9 van 1933, soos gewysig, goedkeuring te heg aan vermindering van die twee uitspanserwitute, waarvan Gedeelte O van gedeelte van die plaas Wolmaransstad Dorp en Dorpsgronde No. H.O. 184, distrik Wolmaransstad, onderworpe is aan 1/75ste van 6,719 morge 395 vierkante roede, na 10·3460 morge en die opmeting van die verminderde 10·3460 morge uitspanning in 'n ligging soos aangetoon op Kaart L.G. No. A. 2831/53. T.A.E.A. 11-1-48-18.

Administrateurskennisgewing No. 188] [12 Maart 1958.

PADREËLINGS OP DIE PLAAS RIETVLEI No. 5, DISTRIK MARICO.

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing No. 645 van 11 September 1957 word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag om, ooreenkomstig subartikel (6) van artikel *twee-en-dertig* van die Pad-Ordonnansie, No. 9 van 1933, goedkeuring te heg aan die padreëlings soos aangetoon op bygaande sketsplan. T.A.E.A. 9-2-6-25-26.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| (*b*) For any other kind of dog— | | | |
| (i) At any date before and including the first of July in each year— | | | |
| in respect of a male dog ... ... ... | 0 | 10 | 0 |
| in respect of a bitch ... ... ... ... ... | 1 | 0 | 0 |
| (ii) After the first of July in each year— | | | |
| in respect of a male dog ... ... ... ... | 0 | 5 | 0 |
| in respect of a bitch ... ... ... ... | 0 | 10 | 0 |

Administrator's Notice No. 187.] [12 March 1958.

REDUCTION OF OUTSPAN SERVITUDE.—WOLMARANSSTAD TOWN AND TOWNLANDS No. H.O. 184, DISTRICT OF WOLMARANSSTAD.

With reference to Administrator's Notice No. 234 of the 21st March, 1956, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of sub-section (1) of section *sixty-four* of paragraph (*a*) of sub-section (1) of section *sixty-three* of the Roads Ordinance, No. 9 of 1933, as amended, to approve the reduction of the two servitudes of outspan to which Portion O of portion of the farm Wolmaransstad Town and Townlands No. H.O. 184, District of Wolmaransstad, is subject from 1/75th of 6,719 morgen 395 square roods to 10·3460 morgen, and the survey of the reduced 10·3460 morgen outspan in a position as indicated on Diagram S.G. No. A. 2831/53. T.A.E.A. 11-1-48-18.

Administrator's Notice No. 188.] [12 March 1958.

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM RIETVLEI No. 5, DISTRICT MARICO.

With reference to Administrator's Notice No. 645 of 11th September, 1957, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of sub-section (6) of section *thirty-two* of the Roads Ordinance, No. 9 of 1933, to approve the road adjustments shown on the subjoined sketch plan.

T.A.E.A. 9-2-6-25-26.




T.A.E.A. 9-2-6-25-26.

REFERENCE. VERWYSING.

Road Closed. = = = = Pad Gesluit.

Existing Roads. ——— Bestaande Paaie.

Administrateurskennisgewing No. 189.] [12 Maart 1958.

PADREËLING OP DIE PLAAS BOSCHFONTEIN No. 607, DISTRIK RUSTENBURG.

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. J. A. Herholdt (Junior) vir die verlegging van 'n ongenommerde publieke pad op die plaas Boschfontein No. 607, distrik Rustenburg, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van die Pad-Ordonnansie, No. 9 van 1933, soos gewysig by Padwysigings-Ordonnansie, No. 9 van 1948, op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne dertig dae vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Provinsiale Sekretaris, Pretoria, skriftelik in te dien.

Ooreenkomstig subartikel (3) van die bogenoemde artikel word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat indien enige beswaar gemaak word, maar daarna van die hand gewys word, die beswaarmaker aanspreeklik gehou kan word vir die koste en uitgawes van 'n kommissie wat aangestel mag word, ooreenkomstig artikel *drie-en-dertig* as gevolg van sulke besware, of vir sodanige gedeelte van die koste en uitgawes as wat die Administrateur kragtens subartikel (4) van artikel *vyf-en-dertig* van die genoemde Ordonnansie mag bepaal.

D.P. 08-082-23/24/B/3.

Administrateurskennisgewing No. 190.] [12 Maart 1958.

PADREËLINGS OP DIE PLAAS BALMORAL No. 30, DISTRIK AMERSFOORT.

Met die oog op 'n aansoek van mnr. A. S. Naudé om die sluiting van 'n ongenommerde publieke pad op die plaas Balmoral No. 30, distrik Amersfoort, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van die Pad-Ordonnansie No. 9 van 1933, soos gewysig by Padwysigings-Ordonnansie No. 9 van 1948, op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoegd om binne dertig dae vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streeksbeampte, Ermelo, skriftelik in te dien.

Ooreenkomstig subartikel (3) van die bogenoemde artikel word dit vir algemene inligting bekendgemaak dat indien enige beswaar gemaak word, maar daarna van die hand gewys word, die beswaarmaker aanspreeklik gehou kan word vir die koste en uitgawes van 'n kommissie wat aangestel mag word, ooreenkomstig artikel *drie-en-dertig* as gevolg van sulke besware, of vir sodanige gedeelte van die koste en uitgawes as wat die Administrateur kragtens subartikel (4) van artikel *vyf-en-dertig* van die genoemde Ordonnansie mag bepaal. D.P. 051-055-23/24/1.

## DIVERSE.

KENNISGEWING No. 34 VAN 1958.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DIE NYWERHEIDSDORP VILLAGE MAIN UITBREIDING No. 2.

Ingevolge artikel *elf* van die Dorpe- en Dorpsaanleg Ordonnansie, No. 11 van 1931, word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Stadsraad van Johannesburg en andere aansoek gedoen het om 'n nywerheidsdorp te stig op die plaas Turffontein No. 21, distrik Johannesburg, wat bekend sal wees as Village Main Uitbreiding No. 2.

Die voorgestelde dorp lê oos van die dorp New Centre en grens aan Rosettenville Pad.

Administrator's Notice No. 189.] [12 March 1958.

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM BOSCHFONTEIN No. 607, DISTRICT OF RUSTENBURG.

In view of an application having been made by Mr. J. A. Herholdt (Junior) for the deviation of an unnumbered public road on the farm Boschfontein No. 607, District of Rustenburg, it is the Administrator's intention to take action in terms of section *thirty-two* of the Roads Ordinance, No. 9 of 1933, as amended by the Roads Amendment Ordinance, No. 9 of 1948.

It is competent for any person interested, to lodge his objections, in writing, with the Provincial Secretary, Pretoria, within thirty days of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

In terms of sub-section (3) of the said section it is further notified for general information that if any objection to the said application is taken, but is thereafter dismissed the objector may be held liable for costs and expenses of a commission that may, as result of such objections be appointed in terms of section *thirty-three*, or for such part of the costs and expenses as the Administrator may determine in terms of sub-section (4) of section *thirty-five* of the said Ordinance.

D.P. 08-082-23/24/B/3.

Administrator's Notice No. 190.] [12 March 1958.

ROAD ADJUSTMENTS ON THE FARM BALMORAL No. 30, DISTRICT AMERSFOORT.

In view of an application having been made by Mr. A. S. Naudé for the closing of an unnumbered public road on the farm Malmoral No. 30, District of Amersfoort, it is the Administrator's intention to take action in terms of section *thirty-two* of the Roads Ordinance, No. 3 of 1933, as amended by the Roads Amendment Ordinance No. 9 of 1948.

It is competent for any person interested, to lodge his objections, in writing, with the Regional Officer, Ermelo, within thirty days of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

In terms of sub-section (3) of the said section it is further notified for general information that if any objection to the said application is taken, but is thereafter dismissed the objector may be held liable for costs and expenses of a commission that may, as result of such objections be appointed in terms of section *thirty-three*, or for such part of the costs and expenses as the Administrator may determine in terms of sub-section (4) of section *thirty-five* of the said Ordinance. D.P. 051-055-23/24/1.

## MISCELLANEOUS.

NOTICE No. 34 OF 1958.

VILLAGE MAIN EXTENSION No. 2 (INDUSTRIAL) TOWNSHIP.—PROPOSED ESTABLISHMENT OF.

It is hereby notified for general information, in terms of section *eleven* of the Townships and Town-planning Ordinance, No. 11 of 1931, that application has been made by Johannesburg City Council and others for permission to lay out an industrial township on the farm Turffontein No. 21, District Johannesburg, to be known as Village Main Extension No. 2.

The proposed township is situate east of New Centre Township and abutting on Rosettenville Road.

Die aansoek tesame met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae op die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. 302, Savelkoulsgebou, hoek van Paul Kruger- en Pretoriusstraat, Pretoria, vir 'n tydperk van twee maande na datum hiervan.

Ingevolge artikel *elf* (4) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat verlang om in die saak gehoor te word of vertoë in verband daarmee wil indien, binne twee maande na die datum hiervan met die Sekretaris van die Raad in verbinding tree.

